

AGR pen

January | Januarie 2018

VIA en Landbouweekblad snoer kragte saam met nuwe TV-program

Kom reis saam met Landbouweekblad na van die land se beste boere in VIA (DStv-kanaal 147) se nuwe tydskrifprogram, **Landbouweekliks**. **Landbouweekliks** word elke Dinsdag om 19:30 uitgesaai met heruitsendings op Sondag om 17:30. Die reeks bestaan uit 26 episodes van 'n halfuur elk. Die program is ook op DStv Now beskikbaar.

Die radio-en-TV-persoonlikheid Ivor Price het vir die reeks na plase oor die hele Suid-Afrika gereis. Hy het besondere boere met hope geesdrif vir die landboubedryf ontmoet, asook die span mense wat saamwerk om die boerdery vorentoe te neem. Soos die Laeveldse boer Milaan Thalwitzer in die eerste episode sê: “Jy kan nie ‘n besigheid bestuur en bedryf as jy nie goeie werkers het nie. Daarom gaan ons uit ons pad om vir ons werkers so veel voordele as moontlik te bied.”

‘Doen meer met minder’

“Ons boere is van die beste bestuurders in ons ekonomie,” sê Chris Burgess, hoofredakteur van Landbouweekblad. “Nie net moet hulle ‘n magdom veranderlikes, soos die weer en die wisselkoers (wat buite hulle beheer is) suksesvol bestuur nie, maar hulle moet ook met vernuwende oplossings vorendag kom vir byna onoorkombare probleme. Een daarvan is dat hulle insetkoste gewoonlik vinniger styg as die prys van die produkte wat hulle produseer. Hulle moet die heelyd nuut dink, nie net met hulle masjiene nie, maar ook in hulle koppe, om meer met minder te kan doen. Die resultaat is besondere mense met ‘n besondere perspektief op die lewe wat gewone kykers sal verras en verstom. Beleef boere soos jy hulle nog nooit vantevore beleef het nie.”

Landbouweekliks word deur Brand Republic, lede van Landboukrywers SA, vervaardig en met trots geborg deur dié rolspelers in die landboubedryf: Afgri, GWK, Monsanto (Dekalb), PSG, MSD en Hinterland.



“Ons boere is van die beste bestuurders in ons ekonomie,” sê Chris Burgess, hoofredakteur van Landbouweekblad.

Die Tankwa Camino: 'n Meestersgraad in vasbyt

Deur Liza Bohlmann, Landbouweekblad

Die droogte in die Kaap het almal aan die praat. Min van ons ervaar dit egter so intens soos die boere wat elke dag vir jare aaneen moet vaskyk in die depressiewe omgewing wat voor jou oë doodgaan. My staptogavontuur wat ek verlede jaar aangepak het was toe eerder 'n groot lewensles. My respek vir boere wat deur droogtes beur en anderkant uitkom is na dese iets wat ek 'n klein bietjie beter verstaan. Hier is so bietjie terugvoer oor die Tankwa Camino wat ek in September 2017 afgelê het.

Soms doen 'n mens dinge waarvoor jy nie 'n besonders goeie rede het nie. Dit is maar iets wat "lekker" lyk. 'n Uitdaging. Iets groots! Omdat my 40ste verjaarsdag in 2017 was, het ek besluit dat ek iets merkwaardigs moet doen. Tussen myself en my suster, Linda, het ons albei van die Tankwa Camino geles en besluit dít lyk mos nou "groots". Teen Januarie het ons deposito's betaal en somer my swaer, Petrie, bygesleep om saam te kom stap.

Die staptog begin in Calvinia en eindig in Ceres en volg die R355 wat glo die langste grondpad tussen twee dorpe in Suid-Afrika is. Die afstand is amptelik 256 km en ons het dit oor tien dae afgelê.

Hoewel dit "slack packing" is, is die terrein 'n groot uitdaging. Jou tent, voorraad en klere word elke dag aangery en in jou rugsak dra jy jou dag se kos, water, noodhulptassie en die klere wat jy so stuk-stuk uittrek soos die temperatuur van die oggend se 5-8 °C na die middag se 30-40 °C styg. Ons het na dag een agtergekom dat jy in 'n wedloop is teen tyd. As jy ná ses soggens eers uit die kamp kom, gaan die son jou vang en dan is alles net soveel erger.

Ons het dus daaglik tussen 04:00 en 04:30 opgestaan, kamp opgeslaan, 'n koffie en vrug gegryp (dankie Du Toit Groep vir die vrugte!) en so ver as moontlik voor sonop probeer stap.



Ek (regs), my ousus Linda (middel) en swaer, Petrie. Die wind het verskriklik gewaai met tye en dan moes jy maar 'n serp om mond, neus en ore span om die stof en stand uit te hou. Hierdie was op die eerste dag toe ons nog vol lewe en energie was!

Les: Moenie dat groot doelwitte jou afskrik nie, maar moet ook nie onvoorbereid indonner in moeilike situasies nie.



Badtyd beteken jy gryp jou emmertjie, seep en klere. Die truuk is om pajamas heeltemal 'n skip te gee en te slaap in jou klere vir die volgende dag. Dit spaar tyd en ongemaklike aantreksituasies in jou beknoppte tentjie. Op die Tankwa leer jy vinnig om doeltreffend te werk binne jou gegewe situasie.

Les: Pas aan of suffer. Jy het bykans altyd 'n keuse om jou omstandighede te verbeter deur self te verander of deur dinge anders te doen.



Ek het met tye soos 'n arktiese verkenner gelyk, komplete met koplamp óf soos 'n Bedoeïen met 'n sonbril.

ROETE

Die gemiddelde afstand is 25 km per dag. Party dae was effens korter en ander weer tot 31 km lank. Wat jou eintlik vang, is die herhaalde marteling van jou voete. Die ewige grondpad slaan jou hard.

Ná dag twee was daar stappers wat mededingend aan marathons en padwedlope deelneem wat saans in die kamp rondgewaggel het. Party het noodgedwonge 'n gedeelte van die tog in een van die ondersteuningsvoertuie deurgebring.

Met stukkende voete kan niemand loop nie en dit is eenvoudig nie die besering werd nie. Anders as die Camino de Santiago-pelgrimstog in Spanje, kan jy nie elke dag se afstand self bepaal nie. Deur moet jy deur, anders kom soek hulle jou!

'n Ander groot verskil tussen die Tankwa en die "regte" Camino, is die omgewing. Ons het seker in die ergste droogte in dekades deur die Karoo gestap

en met tye was daar vir kilometers géén lewe nie. Net klip en sand en die grondpad wat in die niet verdwyn. Dit was hartverskeurend.

Waarskynlik het elke Landboukrywerslid die afgelope paar jaar met die droogte te doen gekry. Die ou paar dae se blootstelling aan die droogte het my geruk en ek haal my hoed af vir elke boer wat steeds volhard.

Ek het trane in my oë gekry toe ek die eerste keer in agt dae beeste op groen (!) weiding gesien het. Dit was so stukkie besproeiingsweiding met wat ek dink swart Angusse was.

Dit was onbeskryflik mooi en soos om op te kom vir asem.

Dikwels was jou enigste hoop die groen seiltjie doer in die verte ... Dit is die toilet en waterpunt wat elke 5 km op die roete was. Die hoogtepunt



Nog 'n truuk is om 'n ligte serp met jou buff om jou kop vas te maak. Dit gee koelte en beskerm jou amper teen alles wat die ongenaakbare Karoo jou kant toe gooi. Ons het by ruspunte die jakkalsdraad gebruik om met ons voete in die lug op die grond uit te span. Een van ons Boer van die Jaar-finaliste, Vito Rugani, se wortelsap was die een groot luukse wat ek saamgedra het en dit was elke teug werd.

Les: Vind die klein dingetjies in die lewe wat jou plesier gee. Dit maak selfs moeilikste tye lekker.



Iemand het 'n sin vir humor gehad met hierdie bordjie. Ek reken dit het dalk so vier jaar laas hier gereën. Die pad wat in die niet eindig, was 'n tipiese gesig en ontmoedigend. Die sleutel is om nooit die einddoel uit die oog te verloor nie, maar ook om nooit vir die nimmereindigende pad te kyk nie. Jy voltooi die Tankwa treetjie vir treetjie, nie in kilometers nie.

Les: Selfs die ergste pyn en lyding het 'n einde, byt net vas!



was gewoonlik as jy by jou bondeltjie goed in die kamp aangestrompel kom, jou stoel vind en voete in soutwater week. Salig.

DANKBAARHEID

Die Tankwa gee jou baie tyd om te dink. Ek het talle metafore vir die lewe iewers op die pad raakgeloop en oor getob, maar dit kom min of meer neer op die beginsels van "vasbyt".

As iemand my dus vra of ek bly was ek het dit gedoen, moet ek dadelik waarsku: Nee. En nee, ek sal dit ook nie weer doen nie.

Ek is wel dankbaar dat ek dit gedoen het. Dankbaar oor "alledaagse" goed soos lopende water, my bed en my huis. Ek is ook dankbaar om uit die stof en sweet te wees.

My opblaasmatras was vanaf die derde dag 'n afblaasmatras, en ek moes noodgedwonge op die grond slaap. Na dese het ek baie meer empatie met mense wat elke dag in armoede leef.

Seer voete was 'n foltering vir ure sonder end. Ek weet nou hoeveel pyn ek kan vat en ek weet hoe om deur dit te kom. Ek en my suster is nou nader aan mekaar en ons het goeie vriende gemaak en lekker gelag.

POST-TANKWA-TRAUMA-EN-TROTS

Baie min mense het al hierdie staptog voltooi sonder om een keer op die bakkie te klim; ek is dus trots dat ek myself by daai lysie kan voeg. Een van die positiewe uitvloeisels hiervan is dat ek nou meer aktief is. Die ewige gesit by die werk maak ons almal stadig vir seker dood.

As dit nie vir kollega en mede landboueskrywer, Marieke Snyman, was wat my omtrent 'n jaar gelede aan die stap gekry het nie, sou ek waarskynlik nou net nóg nader aan 'n hartaanval wees. Ons stap nou nog ten minste een keer per week saam. Dankie, Marieke.



My gatvol gesiggie is nie aansit nie. Hierdie was die tweede laaste dag en ek was al goed oor my selfopgelegde martelpad. Geselskap op die pad het gelukkig alles beter gemaak.

Les: 'n Goeie span/familie/vriende maak selfs die moeilikste tye in jou werk en lewe beter. Koester hulle.

NEW SECRETARIAT

Association Business Events is appointed as the new secretariat for the Agricultural Writers Association. We welcome Petrie Vogel and Charmaine Theron to the Agricultural Writers Association family, you can expect to receive your renewal membership invoices from them as well as our monthly Agripen. They are also available for day to day enquiries.

Association Business Events

Tel nr: [074 953 0810](tel:0749530810)

Email: admin@abevents.co.za or charmaine@abevents.co.za



Delareyville is NWK se top Silo

NUUS-
brokkies



NWK se Delareyville-silo is einde 2017 as NWK se silo van die jaar aangewys. Dié toekening word gemaak op grond van 'n silo se bestuur van die graanvoorraad, veiligheidsvlak van die perseel, akkuraatheid van oesskattings, tonne hanteer, kapasiteitbenutting, netto wins per ton, administrasie, netheid van die perseel asook die manier waarop innoverend oor die bedryf gedink word.

Volgens Jaco Botha, bestuurder silodienste by NWK, het die Delareyville-silo uitstekend in al die kriteria presteer. “Die feit dat die silo se bestuur dit regkry om in alle opsigte goed te presteer, is wat dit die beste silo maak. 'n Aspek wat veral uitstaan, is die bestuur van graanvoorraad. Dit is 'n baie belangrike maatstaf, aangesien dit toegevoegde waarde genereer.”

Hoekom is dit so belangrik dat silo's goed bestuur word? Botha sê goedbestuurde silo's in die graanbedryf verseker dat die gehalte van graan wat aan die mark gelewer word, van hoogstaande gehalte is. “Die waarde van hoë-gehalte graan moet nie onderskat word nie en die feit dat Suid-Afrika goeie silo's het waar hoë graangehalte deur goeie bestuur verseker word, is een van die bedryf se grootste bates.” – Marike Brits, AgriOrbit



Drie skaapskole in 2018

NUUS-
brokkies



Die Veeplaas Intensiewe Skaapproduksie-skool, 'n vennootskap tussen Plaas Media (Veeplaas en Stockfarm), Mamre Dormers en die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2018 word daar vir die eerste keer drie skole aangebied na aanleiding van versoeke in hierdie verband.

Die Sentraal Intensiewe Skaapproduksieskool word van 10 tot 12 April in Bloemfontein aangebied, die KwaZulu-Natal Intensiewe Skaapproduksieskool van 31 Mei tot 1 Junie tydens die Royal-skou in Pietermaritzburg, en die Oos-Kaap Intensiewe Skaapproduksieskool van 18 tot 19 Julie in Port Elizabeth. Die vier-faktor plan word tydens die skool behandel en fokus op fasiliteite, gesondheid, voeding en finansiële aspekte.

Besoek www.agriorbit.com vir meer inligting.

PHOTO
of the
month

This picture was taken on 17 January at the Balfour Farmers' Associations Hay Day.

“As jy die strooier wat gedemonstreer word van naderby wil bekyk, maar ook in die spervuur beland, is 'n baal gras die beste ding om agter te skuil.”

Fotograaf: Liezel de Villiers





Important DATES

23 & 24	Feb	Visit to Farmer of the Year 2017 Charles Back on 22 and 23 February 2018 RSVP before 9 February Jeanne Boshoff at jeanne@awk.co.za		
07 & 08	March	Undercover Farming Expo & Conference 2018 07 - 08 March 2018, CSIR Convention Centre, Brumeria, Pretoria www.undercoverfarmingexpo.co.za		
19 & 20	March	<table border="0" style="width: 100%;"> <tr> <td style="width: 50%;">Landbouweekblad conference in Reitz 19 and 20 March 2018 in conjunction with Grain SA, the Riemland study groep from Reitz, and Monsanto as one of the sponsors.</td> <td style="width: 50%;">Landbouweekblad se konferensie 19 en 20 Maart 2018 op Reitz plaas, en op 22 Maart 2017 by Morgensrust in die Joostenbergvlakte.</td> </tr> </table>	Landbouweekblad conference in Reitz 19 and 20 March 2018 in conjunction with Grain SA, the Riemland study groep from Reitz, and Monsanto as one of the sponsors.	Landbouweekblad se konferensie 19 en 20 Maart 2018 op Reitz plaas, en op 22 Maart 2017 by Morgensrust in die Joostenbergvlakte.
Landbouweekblad conference in Reitz 19 and 20 March 2018 in conjunction with Grain SA, the Riemland study groep from Reitz, and Monsanto as one of the sponsors.	Landbouweekblad se konferensie 19 en 20 Maart 2018 op Reitz plaas, en op 22 Maart 2017 by Morgensrust in die Joostenbergvlakte.			
7 & 8	Jun	Agbiz Congress 7-8 June 2018		
9 to 11	May	Sansor Congress 9-11 May 2018 in Pretoria		
15 to 18	May	Nampo 15 to 18 May 2018 at Nampo Park		
<p>Three Sheep Courses in 2018 The Veeplaas Intensive Sheep productions course, a partnership between Plaas Media (Veeplaas and Stockfarm), Mamre Dormers and the Faculty of Agriculture of the University of the Free State will present three courses during 2018.</p> <p>During the course the focus will be on the four factor plan and will include facilities, health, nutrition and financial aspects. For more information please visit www.agriorbit.com</p>				
10 to 12	April	10-12 April Bloemfontein		
31 to 01	June	31-01 June Royal Show, Pietermaritzburgh, Kwa-Zulu Natal		
18 to 19	July	18-19 July Port Elizabeth, Eastern Cape		
18 to 20	Sept	ALFA 2018 18 tot 20 September 2018 Afridome, Parys www.alfaexpo.com		

